[12]


# DIE RAPPORTRYERSKORPS VAN QUEENSWOOD

GEAFFILIEER BY
DIE FEDERASIE VAN
RAPPORTRYERSKORPSE

Posbus 55795
0007 ARCADIA

(012) 73 3787


30 Maart 1992.

Geagte Sekretaris

Die Rapportryerskorps van Queenswood bied graag hul komplimente en waardering aan die Sekretariaat van Kodesa en neem graag die vrymoedigheid om ons siening oor die gebruik van Afrikaans in die amptelike verrigtinge van Kodesa aan u voor te hou.

Die Korps volg die verrigtinge by Kodesa met groot belangstelling en die indruk wat by ons geskep word is dat Kodesa juis dié platform is waar vryheidskultuur op die beginsels van demokratiese verdraagsaamheid, professionele respek en beskaafde standpuntstelling, openhartig hanteer kan word. Aan die hand van die beginsel dat kommunikasie met jou omgewing 'n fundementele vereiste vir sinvolle dialoog is, is dit jammer dat Engels as die enigste kommunikasiekanaal gebruik word.

Dit is ons oortuiging dat allesomvattende kommunikasie nie net die dinamiese aard van u onderneming sal verhoog nie, maar dat die Sekretariaat hul stoutste verwagtinge sal oortref deur uit te reik na die taal-mosaïek aan die suidpunt van Afrika waar standpunte op beide openbare en persoonlike vlak onder die loep geneem kan word en volgens die eise van die tyd, getoets kan word.

Die Korps is wel deeglik bewus van die kostes verbonde aan die beskikbaarstelling van dokumentasie in Afrikaans maar Afrikaans is 'n amptelike en by uitstek, 'n inheemse taal wat volgens ons mening, by Kodesa gebruik kan word. So 'n gebaar kan net die kwaliteite van sinvolle en vreedsame naasbestaan in die toekomstige Suid-Afrika positief stimuleer.

Die Korps verseker u van ons ongekwalifiseerde ondersteuning en wens u seënwense met u onderhandelinge en beraadslagings toe.

Met hartlike Rapportryersgroete,

J M WATERMEYER
VOORSITTER : RAPPORTRYERSKORPS VAN QUEENSWOOD

DIE SEKRETARIS,
KOMMITEE VIR 'N DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA,
POSBUS 307,
1600 ISANDO.